Bybel vir Kinders

bied aan

Jesaja sien die Toekoms



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Jonathan Hay

Aangepas deur: Mary-Anne S.

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Jesaja was 'n profeet. Sy werk was om mense te vertel wat God sê.

Die mense wou nie altyd God se Woord hoor nie, ...

... maar Jesaja het nooit afgewyk van God nie.

Jesaja het die Woord verkondig gedurende die ...

... heerskappy van vier verskillende konings.

Koning Ussia het die land van Juda regeer uit die stad Jerusalem. God het Ussía geseën want hy het gedoen wat reg was in die oë van die HERE.

Maar Ussía het trots geword en opgehou om God te gehoorsaam. Hy het melaats geword en het alleen geleef totdat hy gesterf het.

Koning Ussia was koning vir meer as 60 jaar. Toe hy dood is het sy seun Jotam sy plek ingeneem en hy het sewentien jaar lank regeer.

God het Jotam geseën omdat hy geluister het na wat God gesê het deur Jesaja en die ander profete.



Koning Jotam se seun was Agas.
Agas was twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het sestien jaar in Jerusalem regeer.

Agas wou nie luister na God nie. Hy het afgode en valse gode aanbid en veroorsaak dat baie van God se mense dieselfde gedoen het.

Hoewel Jesaja hom gewaarsku het, wou Agas nie luister na God se waarskuwings. Hy is oorlede toe hy slegs 35 jaar oud was.

God het die volgende koning, Hiskía geseën, want hy het al die drekgode en valse gode verwyder. Hy het gebid tot die ware God.

Wanneer 'n vyandige leër Juda aangeval het, het Hiskia geweet dat sy weermag te swak was om te wen. Hy het Jesaja gevra om te bid vir God se hulp.

Jesaja het hierdie boodskap aan die Koning gestuur.



“Dit is wat die Here sê: Moenie bang wees vir die vyand ... Ek sal hom laat val ...” Kort daarna het God die vyand

leër laat trek sonder om teen Hiskia te veg.

Hoewel mense om hom nie veel aan God

gedink het nie, het Jesaja baie oor Hom gedink.

Een dag het hy 'n visie gekry.

Dit is soos
'n droom
al is jy
nie aan die
slaap nie.

In die visie het Jesaja gesien hoe glorieryk en heilig die Here is.

"Wie sal Ek stuur?" het God gevra in die gesig. "Hier is ek. Stuur my," het Jesaja geantwoord. Hy was bereid om te doen wat God vra en te gaan waar God hom stuur.

Jesaja het miskien gedink God sal hom ver-weg stuur na mense wat nog nie van God gehoor het nie.

Maar nee, God het dit nie gedoen nie.

God het vir Jesaja gesê om met sy eie mense in sy eie land te praat.

Hy moes aan hulle sê dat God kwaad was oor hulle sonde.

Daar was ander dinge wat Jesaja die mense moes vertel - wonderlike dinge oor 'n ...

... Persoon wat 'n sterk redder sou wees en kom om hulle te verlos van sonde en van al hulle vyande.



Die Joodse mense het hierdie Persoon die "Messias" genoem.

Selfs al het hulle verwag dat God die Messias sal stuur het baie mense geleef asof Hy nooit sal kom nie.



Al die dinge wat Jesaja gesê het oor die Messias is geskryf in sy boek.



Alhoewel hy hierdie dinge geskryf het honderde jare voor dit gebeur het, ...



... sal alles wat Jesaja gesê het oor die Messias waar word.

Jesaja het gesê dat God self 'n teken

sal gee. Hy het gesê: "Kyk, die maagd sal 'n seun baar en hom

Immanuel noem."

Die mense het geweet Jesaja praat van

God se Messias, omdat 'n vrou nie 'n maagd kan wees en 'n kind kan baar nie.

Die naam Immanuel
beteken God
met ons!

"Vir ons 'n Kind gebore, aan ons is 'n Seun gegee; en die heerskappy sal op Sy skouers wees. Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors".

Jesaja was seker dat God se beloftes waar sou word. Hy het gepraat asof dit alreeds gebeur het. Dit word genoem profesieë.

Jesaja het gesê dat die Messias groot sou wees en groot dinge sal doen. God het ook aan Jesaja gesê om aan die mense te sê dat die Messias sou ly en gedood sou word.

Jesaja het dalk gewonder hoe die Messias groot en sterk kan wees en ook swak en beseer kan word.

Maar Jesaja het nie geargumenteer met God nie – hy het net herhaal wat God vir hom gesê het om te sê. God sal sorg dat sy profesieë waar word.

Die Messias sou kom - nie net vir die Joodse volk nie. God het vir Jesaja gesê dat die Messias sou "'n lig van die nasies" wees.

Nasies is al die mense in die wêreld wat nie Jode is nie. God is lief vir almal en Sy Messias sal kom om almal te seën en redding bring tot in die uithoeke van die aarde.

Jesaja sien die Toekoms

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Jesaja 1, 6, 7, 9, 53

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16